

## \*n VIA DOLOROSA



VIA DOLOROSA (Latyn vir "lydenspad") is 'n straat in die ou gedeelte van Jerusalem wat volgens tradisie, die roete is wat Jesus gestap het op pad na Sy kruisiging op Golgota. Op die pad is daar veertien "stasies van die kruis". Die roete begin net buite Leeupoort. Dit is in die omgewing van Pontius Pilatus se paleis, waar Jesus se verhoor plaasgevind het.

## PAASSONDAG

### Sestiende Stasie: Saam met Jesus Opgestaan

#### DIE LEWE IS VIR MY XTUS... EN DIE STERWE IS VIR MY 'N WINS

**Skriflesing: Kol 3:1** Aangesien julle **saam met Christus uit die dood opgewek** is, moet julle strew na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2 Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, 3 want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. 4Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlijkheid deel.

**1 Kor 15: 19-26** 19As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. 20Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. 21Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. 22Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, **so sal almal in Christus lewend gemaak word**. 23Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. 24Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. 25Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. 26 Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

**Fi 1:21** 21 want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.

Het jy al so daarvoor gedink:

- As jy 'n gelowige is, het jy saam met Jesus uit die dood uit opgestaan? Wat sê jy?.....

## Het jy al so daarvoor gedink:

- As ons die Opstanding van Christus uit die evangelie uithaal... dan kan ons 'n streep deur ons geloof trek? Hoekom?.....

## DIE VRAAG IS...

- Glo jy dit... dat Jesus na drie dae uit die dood uit opgestaan het?.....

## En as ons in Hom glo...

Glo jy dat jy saam met Hom uit die dood uit opgestaan het?.....

- Dink 'n bietjie daarvoor!!!. Is dit so?.....

## Kom ons kyk net weer wat die Bybel sê...

- **Kol 3:1** Julle is **saam met Christus uit die dood opgewek...**
- **1 Kor 15: 22** Net so sal almal in Christus lewend gemaak word...

## dws...

- Omdat Jesus die dood oorwin het en lewe
- Staan gelowiges met hom uit die dood op...
- Om waarlik te lewe elke dag
- vir Ewig

## Daarom is die dood... nie meer vir ons 'n bedreiging nie

- nie vir die **1. Lewe hier en nou**
- maar ook nie vir die **2. Ewige Lewe hierna**  
**ons het niks te vrees nie...**

## Daarom sê Paulus in Fil 1:21

- **Om te lewe is vir my Xtus... en om te sterwe is vir my wins**

## Daarom... 'n Praktiese vraag ... daarmee saam

- Watter invloed behoort Jesus se Opstanding op my daaglikse lewe te hê?
- ook in die tyd van Cowid en Corona... en inperking... en daar is nog drie weke oor

**Antwoord: Jesus se opstanding** wek ons op tot **Nuwe Lewe...**

- **om Nuut te Lewe elke dag**
- **en elke dag 'n oorwinnaarslewe te leef**
- waarlik te lewe

- volledig te lewe
- om meer myself te wees wat Ek is
- soos Jesus te wees
- om elke dag positief gesind te wees
- nuwe uitdagings te aanvaar
- sonder vrees te lewe
- vreugdevol en uitbundig te lewe
- onvoorwaardelik liefde en omgee uit te deel
- ons kruis te dra
- totaal en al te vergewe
- dood te wees vir die sonde

### **Volledig te lewe... vir Xtus**

- **deur die krag van Sy opstanding**
- **omdat ons saam met Hom uit die dood opgestaan het**
- **Slegs omdat die krag van Sy opstanding... dit vir ons moontlik maak**

### **Daarom kan ons eerlik vandag vir mekaar sê**

- **As ons die opstanding van Christus... uit die evangelie haal**
- **Dan trek ons 'n streep deur ons geloof**

### **Want as Christus nie uit die dood uit opgestaan het nie**

- Sou ook ons nie die dood kon oorwin nie
- En sou ons ook nie as oorwinnaars elke dag kon leef nie

### **Aanhaling Herman Kohlbrugge**

Hy sê... wanneer ek sterf en iemand vind my skedel na my dood, dan moet die getuienis van my skedel wees: Ek lê hier buitekant die kerkhof, tog is ek in die Paradys

En weet jy wat? Dis nie te veel gevra nie... want deur Jesus se Opstanding het Hy dit reeds vir ons moontlik gemaak om deel vd Paradys-lewe te wees!!!

### **Soos Paulus dit so mooi stel**

- die lewe is vir my Xtus
  - en Sy sterwe is vir my 'n wins.
- Amen

## Oordenking:

- Ons lewenswandel hou Jesus in die graf gevange ... omdat ons 'n **graf-lewe** leef... en nie 'n **opstaan-lewe** nie? Stem jy saam? Hoekom ?.....
- Hoe lyk 'n **opstaan-lewe**?.....

## GEBED

Dit het weer gekom  
Opstandingsfees 2020  
Christusfees

dankie opgestane Here Jesus  
dat ons saam met U uit die dood uit kon opstaan  
om waarlik te lewe

vergewe ons  
waar ons lewenswandel  
U in die graf gevange hou  
omdat ons 'n graf-lewe leef  
en nie 'n opstaan-lewe nie

en gee  
dat deur die werking van die Heilige Gees  
U elke dag in ons kan opstaan  
en deur ons lewenswandel  
ons ander se harte sal warm maak  
sodat U sigbaar leef in hierdie wêreld  
amen